

## DIE ONTGINNING VAN DIE INHEEMSE HOUTBOSSE OP DIE KAAPSE SKIEREILAND 1652—1795

André Appel  
*Universiteit van Port Elizabeth*

Gedurende al die eeue voor 1652 kon die inheemse houtbosse van die Kaapkolonie onder die gunstigste omstandighede 'n ongerepte wasdom bereik.<sup>1</sup> Die primitiewe lewenswyse van die Hottentotte en ander inboorlinggroepe het min eise aan die bosse gestel. Noemenswaardige skade kon slegs deur bosbrande veroorsaak word. In vergelyking met eenvoudige behoeftes van die inboorlinge het 'n snelle en onoordeelkundige ontginning van die houtbosse sedert die koms van die Blankes in 1652 plaasgevind.

Kragtens die instruksies wat aan Jan van Riebeeck met die oog op die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap uitgereik is, moes hy onmiddellik ná sy aankoms "een bequame houtelogie" langs die Soeterivier oprig. Daarna moes hy die plek waar die fort gebou sou word, bepaal. Daarbenewens was dit 'n basiese taak van die verversingstasie om die verbyvarende skepe van vars lewensmiddele en "spesiaal van drinkwater en brandhout" te voorsien.

Vanuit hierdie skynbaar eenvoudige opdragte het daar mettertyd 'n groot verskeidenheid van behoeftes aan hout ontstaan. Sedert die stigtingsjaar was van Kompanjiesweë 'n toenemende voorraad timmerhout vir die oprigting en instandhouding van geboue en verdedigingswerke, herstelwerk aan skepe, wamakery en vir die bou van brûe en ponte nodig. Met die verskyning van die vryburgers as deel van die Kaapse samelewing het 'n bykomstige behoefte aan timmerhout vir 'n wye verskeidenheid van bedrywighede ontstaan. Die ontwikkeling van die trekboerpionier sedert die begin van die agtiende eeu het verdere eise aan die beskikbare en bekombare voorraad hout in die binneland gestel. Die bewoning van vaste punte vir 'n langer of korter tydperk het die oprigting van primitiewe wonings en die maak van eenvoudige meubels en tydelike krale meegebring. Die trek van hierdie pioniersbevolking was onmoontlik sonder die ossewa. Vir die bou van en herstelwerk aan hierdie vervoermiddel was bruikbare en duursame wamakershout nodig. Daarvoor was die trekboere uitsluitlik op die inheemse bosse aangewese. Met die stigting van kerkplekke en die gevolglike oprigting van kerkgeboue en pastorieë, asook die skepping van afsonderlike landdrosdistrikte in die binneland, het 'n meer gesofistikeerde behoefte aan veral timmerhout ontstaan.

Die Kaapse samelewing het ook steeds toenemende behoeftes aan brandhout ontwikkel. In die huishoudings van sowel die talle Kompanjiesamptenare as die vryburgers, was dit 'n onmisbare gebruiksartikel as bron van krag en hitte. Voorts was daar vir gebruik in die hospitaal, die slawelosie, die broodbakkery, vir die brand van kalk en die bak van stene en by die traanbrandery daagliks 'n voorraad brandhout nodig. Soos reeds gemeld, was een van die verpligtinge van die verversingspos ook om voldoende brandhout aan die besoekende skepe te voorsien.

---

1. T.R. Sim, *The forests and forest flora of the Colony of the Cape of Good Hope*, Aberdeen, 1907, p.76.

Te midde van al die ander voorkeurtake het die genoegsame voorsiening in die steeds groeiende behoefte aan hierdie eenvoudige, dog onontbeerlike gebruiksartikel vir feitlik elke Kaapse gesagvoerder heelwat ergernis en groot hoofbrekens besorg. In hierdie proses is die Politieke Raad aan die Kaap gedwing om oor groot afstande heen ekonomiese bedrywighede aan te pak waarvan die uitkomste selde bepaalbaar was.

Met die stigting van die verversingspos aan Tafelbaai moes die onmiddellike omgewing dan ook in die eerste behoeftes van die groepie Blankes voorsien. Dit het egter spoedig geblyk dat dáár hoegenaamd geen timmerhout te vinde was nie, maar naby die fort en waterplek het wel 'n "meenichte bosschagies" wat vir brandhout heel geskik was, gegroei.<sup>2</sup>

As gevolg van hulle haastige vertrek uit Nederland het Van Riebeeck en sy groep meer as 700 gesaagde planke asook 400 sparre en balke agtergelaat. Tereg het die kommandeur skaars 'n maand ná hulle aankoms aan die Kaap hierdie verlies betreur omdat dit hulle "vrij verlegen" gemaak het ten opsigte van die eerste bouwerke.

In die lig van hierdie omstandighede is die eerste nedersetters verplig om op 'n heel vroeë tydstip hulle gesigseinders uit te skuif. Op 5 Mei 1652 het die boekhouders van die Drommedaris en die Reijger, saam met die assistente Van den Helm en Verburgh, vanaf die fort vertrek en oor die huidige Kloofnek omtrent 24 myl "'t lant in" geloop. In die omgewing van die huidige Houtbaai het hulle "een seer schoon groot bos" met talle groot en regop bome gevind.<sup>3</sup> Dit was inderdaad die eerste inheemse houtbos waarmee Van Riebeeck se mense kennis gemaak het.

Eers gedurende Oktober 1652 is hierdie bos en die aanliggende baai noukeuriger ondersoek. By daardie geleentheid het Van der Helm en Verburgh enigszins positief oor die moontlike ontginning van dié bos geoordeel, juis omdat hulle die vervoer van die hout na die strand moontlik geag het. Tot werklike benutting van dié bos is egter nie gekom nie. Dit was wel betreklik maklik om die geveld hout vanaf Houtbaai per boot na Tafelbaai te bring, maar die uitsleep van die stompe en stamme vanuit die bos tot op die strand was 'n ernstige struikelblok. Hierdie aspek van die vervoerprobleem sou steeds die aandag van elke goewerneur opeis.

Intussen moes 'n bewerkbare bos gevind word. In September 1652 het Van Riebeeck en 'n timmerman die suidoostelike hange van Tafelberg besoek. Ongeveer naby die huidige Rondebosch en Nuweland het hulle op pragtige inheemse bosse in hul ongerepte toestand hoog bo in die klowe afgekom. Die Kaapse bewindhebber was grootliks beïndruk: daar sou "hele masten van scheepen, bij duizende .." uitgehaal kon word.<sup>4</sup> Boonop het die topografie geen onoorkomelike struikelblokke opgewerp nie. Die eerste daadwerklike ontginning van die inheemse bosse van die Kaapse skiereiland is gevolglik begin. Die hout is met 'n wa wat deur osse getrek is, na die fort aangery. Reeds in hierdie verband kry ons 'n voorteken van die belangrike rol wat die os en die wa in ons vaderlandse geskiedenis sou speel.<sup>5</sup> Gedurende die eerste twee jaar het hierdie bosse aan die suidoostelike hange van Tafelberg in feitlik alle behoeftes aan timmerhout voorsien.

- 
2. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna K.A.), C.498 I Uitgaande Briewe: Politieke Raad — Here XVII, 16.5.1652, p.14; Van Riebeeck, *Daghregister* (geregideer deur D.B. Bosman en H.B. Thom), 18.9.1652, p.59.
  3. Van Riebeeck: *Daghregister*, 5—6.5.1652, p.34.
  4. *Ibid.*, 18.9.1652, p.59.
  5. *Ibid.*, 30.5.1653, p.141; vgl. ook voetnoot 6, p.141.

Met die aanvang van hierdie bosontginning is dan ook die grondslag van regeringsinisiatief in hierdie verband gelê. Dit was juis een van die kenmerke van die pioniersjare in die houtbedryf in die Kaapkolonie dat die owerheid steeds, ten spyte van knellende arbeids- en vervoerprobleme, die leiding in dier voege op hom geneem het.

In die lig van die groot behoeftes aan hierdie gebruiksartikel is die moontlikhede van die bosse naby Houtbaai egter nie vergeet nie. Gedurende Julie 1653 is tot verdere ondersoek oorgegaan. Nadat die galjoot Roode Vos in dié baai aangekom het, het Van Riebeeck op 29 Julie oor land daarheen vertrek. Sy persoonlike waarneming van die bosse, wat naby die huidige Oranjekloof en "Back Table" moet gewees het, het hom oortuig dat die pad na die strand ongeskik vir vervoerdoeleindes was. Hieroor was hy erg teleurgesteld juis omdat daar "de schoonste bosschagies van de werelt" gestaan het. Brandhout was egter volop.<sup>6</sup> Daarvan is dan ook gedurende die daaropvolgende maande etlike skeepsvragte na Tafelbaai geneem.<sup>7</sup> Voorlopig is die gedagte om timmerhout uit daardie bosse te haal, laat vaar.

Alhoewel volop timmerhout, soos reeds gemeld, vanuit die bosse aan die suidoostelike hange verkry is, het die vervoer daarvan 'n ernstige probleem gebly. Dit het Van Riebeeck by geleentheid laat opmerk dat dit goedkoper sou wees om die hout uit Nederland of Batavia in te voer as om dit uit die bosse te haal.<sup>8</sup> In die lig van die knellende arbeidstekort aan die Kaap was dit seker 'n verstaanbare versugting in 'n oomblik van moedeloosheid. Die Here XVII het egter geen onduidelike standpunt ten opsigte van hierdie gedagte ingeneem nie. Hulle het die hoop uitgespreek dat daar met die verkenning van die kus wel sodanige plek gevind sal word van waar timmer- en brandhout sonder moeite gehaal sou kon word.<sup>9</sup> In Junie 1654 is dus besluit om die Tulp op 'n verkenningstog langs die ooskus uit te stuur. Met betrekking tot inligting oor beskikbare houtvoorraade het die ekspedisie egter niks opgelewer nie.<sup>10</sup>

Intussen is die maklik bekombare brandhout in die omgewing van die fort feitlik heeltemal uitgekap sodat feitlik alle voorraade teen Augustus 1656 ook uit die bosse agter Tafelberg, omtrent 3 myl van die fort af, met waens gehaal moes word. Dit het die steeds knellende vervoerkwessie net nog vererger. Omdat daar bevind is dat die osse moeilik voor die waens getrek het, is reeds gedurende 1655 'n paar perde uit Batavia ingevoer.<sup>11</sup> Teen die einde van 1656 is nog meer van hierdie trekkere benodig.

Tot op hierdie tydstip het die Kompanjie al die bosse onder sy regstreekse beheer gehad om in sy eie behoeftes te voorsien. Met die instelling van die vryburgers gedurende Februarie 1657 het dit nodig geword om ook hierdie mense van hout vir boudoeleindes, gereedskap en huishoudelike gebruik te voorsien. Enkele maande later het Leendert Cornelisz van Zevenhuijsen, 'n vrytimmerman, op eie inisiatief versoek dat hy 'n bos teen die Bosberge (huidige Constantia-

6. *Ibid.*, 30.7.1653, p.150.

7. Vgl. *ibid.*, vir Augustus tot November 1653.

8. *Ibid.*, 9.6.1652, p.41.

9. K.A., C.409 I Inkomende Briewe: Here XVII — Van Riebeeck, 8.3.1654, p.172.

10. K.A., C.493 I Uitgaande Briewe: Politieke Raad — Here XVII, 26.6.1654, pp.252—253; *Dagregister*, 12.12.1654, pp.268—270.

K.A., C.493 I Uitgaande Briewe: Politieke Raad — Batavia, 12.2.1655, p.357.

berge) mag kry. Hy sou daaruit aan die Kompanjie en die ander vryburgers die benodigde houtwerke lewer. Aangesien dit 'n wyse was waarop die Kompanjie van hierdie las onthef sou word, is die versoek toegestaan. Kort hierna is 'n dergelike reëling met die baastimmerman Roeloff Zieuwertsz aangegaan.

Die toekenning van bosse vir private ontginning was, as een van die uitvloeisels van die vryburgerstelsel, 'n nuwe verskynsel aan die Kaap. Dit was 'n poging om doeltreffend in die toenemende behoeftes aan hout te voorsien. Daarby het dit heeltemal met die basiese motief vir die instelling van vryburgers gestrook. Voorts het dit van die eerste geleenthede vir private ondernemingsgees in 'n andersins sterk monopolistiese ekonomiese struktuur geskep.

Op geen enkele tydstip gedurende die eerste dekade van die volksplanting kon 'n genoegsame voorraad hout vir die plaaslike behoeftes gevind word nie. Daar is selfs by verskillende geleenthede hout vanuit Nederland of Batavia ingevoer, maar die Here XVII was steeds huiwerig om die kosbare skeepsruimte vir hierdie artikel te gebruik. In die lig hiervan is alle moontlike geleenthede benut om bykomstige houtbronne te vind en te ontgin. In November 1659 moes die ekspedisie onder leiding van Gabbema wat na Saldanhabaai gestuur is om verskeie sake te ondersoek, ook die moontlikhede van houtvoorrade aldaar bepaal. Dit het egter geblyk dat daar slegs brandhout was.<sup>12</sup>

Die bosse teen die berg bokant Houtbaai het steeds die Kaapse owerheid se aandag opgeëis. Ten spyte van die teleurstellende opnames van 1653 is gedurende Junie 1662 weer eens 'n poging aangewend om daardie bron te ontgin. Die resultaat was dieselfde as nege jaar vantevore: brandhout en timmerhout was volop, maar laasgenoemde was twee tot drie uur van die strand af teen die berhange waarvandaan dit slegs met waens gehaal sou kon word. Die geselskap het net met 'n skeepslanding brandhout na die fort teruggekeer.

Sedert 1652 is alle timmerhout nog steeds in die bosse aan die suidoostelike hange van Tafelberg gekap. Daarvandaan is dit met die wapad wat ten weste van die Liesbeeckrivier verby die huidige Rondebosch en óm die voet van Duiwelspiek geloop het, na die fort geneem. Teen die einde van 1657 het Van Riebeeck 'n ander roete vir die waens aangedui: dit het ten ooste van die vryburgers se landerye en langs die noordelike hang van die Bosheuwel gegaan. Dit was wel 'n uur langer as die ou pad, maar veel makliker omdat die grond gelyker was.<sup>14</sup>

Gedurende die eerste dekade aan die Kaap het die Blankes op 'n ongeorganiseerde wyse die inheemse houtbronne van die skiereiland benut, maar wat helaas ook met groot onoordeelkundigheid gepaard gegaan het. Dit was eers gedurende November 1663 dat die eerste deeglike ondersoek na die toestand van die bosse gedoen is. Dit het geblyk dat in die gebied wat van ongeveer die huidige Constantianek af tot by Nuweland strek, daar agt bosse was wat nog heelwat hout kon lewer. Die gehalte was egter erg wisselvallig. Die kommissie van ondersoek het geoordeel dat indien hout in daardie bosse oordeelkundig gekap word, daar 'n voldoende voorraad vir die daaropvolgende vier of vyf jaar sou wees. Hierdie verslag gee ons ook 'n beeld van die verskeidenheid van inheemse houtsoorte wat op daardie tydstip aan die hange en in die klowe van die Kaapse berge gegroei het. Geelhout, as die mees gesogte houtsoort reeds in daardie stadium, was redelik skaars. Slegs in drie van hierdie bosse het 'n

12. Van Riebeeck, *Daghregister*, 24.11.1659 en 23.10.1660, pp.157–158, 281.

13. K.A. V.C.4 *Daghregister*, 20–21.6.1662 en 6.7.1662, pp.165–166, 176.

14. E.E. Mossop, *Old Cape Highways*, Kaapstad, g.d., pp.11–14; Van Riebeeck, *Daghregister*, 10.12.1657, pp.205–206.

noemenswaardige aantal van hierdie bome gestaan. Origens was boekenhout-, peerhout-, assegaaihout- en elshoutbome nog redelik volop.<sup>15</sup>

Gedurende die eerste helfte van 1666 is daar uiteindelik begin om die bos bokant Houtbaai te ontgin. Hierdie keer is al die houtkappers oor land daarheen gestuur om bome wat vir timmerhout geskik was, te soek. Hulle het dan ook in “seer ijselijcke en verschrikelijcke valeijen” ’n aantal geelhoutbome gevind. Daar moes egter eers ’n wapad daarvandaan tot by die Kompanjie se bos agter Tafelberg gemaak word om die hout uit te ry.<sup>16</sup> Teen 1668 was hierdie Houtbaaibos ’n belangrike bron van timmerhout. Veral planke is daar gesaag. Vryburgers en vryhoutsaers is egter, in die lig van die behoefte van Kompanjiesweë, nie toegelaat om ook daar hout te gaan kap nie.

Die sewentigerjare het gevolglik ’n redelike voorsiening in die behoefte aan hout gesien. Die bosse agter Tafelberg het nog swaar balke, 26 voet (8 meter) lank en 13 duim (325 mm) dik gelewer, terwyl die planksaery in die Houtbaaibos redelike voorrade gelewer het. In albei gevalle egter was die vervoerkwessie ’n ernstige en lastige vraagstuk. Simon van der Stel se voorstel om ’n saagmeul in Houtbaai op te rig sodat die verwerkte hout eerder met bote na die Kasteel geneem kon word, kon as gevolg van ’n tekort aan arbeid nie uitgevoer word nie.<sup>17</sup>

Gedurende die ampstermyn van goewerneur Simon van der Stel (1679–1699) is geen nuwe houtbosse op die skiereiland oopgestel nie. Die knaende behoefte aan genoegsame hout het die Politieke Raad periodiek gedwing om, soos voorheen, van private ondernemingsgees gebruik te maak. Teen die begin van 1683 is aan Hendrick Dirckx van Embden en Hendrick Coster die vergunning toegestaan om die Houtbaaibos vir 10 jaar te bewerk. Alle ander persone is verbied om daar hout te kap en moes hul benodigde houtvoorrade teen vasgestelde pryse van hierdie twee vryhoutsaers koop. Laasgenoemde moes weer op hulle beurt jaarliks aan die Kompanjie 150 gulde (ongeveer R20) in kontant betaal of planke ter waarde van 200 gulde (ongeveer R36) lewer.<sup>18</sup> In April 1691 is ’n dergelike reëling met Joost en Borchard Pietersz aangegaan. Hulle kon vir 5 jaar uit die Houtbaaibos timmerhout aan die koloniste lewer op voorwaarde dat hulle jaarliks aan die Kompanjie 100 planke van elk 10 voet lank en minstens 12 duim breed gratis moes lewer.<sup>19</sup>

Aan die begin van die agtiende eeu was die vernaamste inheemse houtbosse van die skiereiland reeds aan die Blankes bekend. Timmerhout is hoofsaaklik in die digte bosse aan die suidoostelike hange van Tafelberg en verder suidwaarts teen die Bosberge (huidige Constantiaberger) en Steenberge gekap. Ook uit die bosse bokant Houtbaai is beperkte voorrade gehaal.

Die behoeftes van die jong kolonie het steeds toegeneem. Die voortdurende ontginning van dieselfde bosse kon ook nie onbeperk voortgaan nie. In elk geval het soveel onoordeelkundige houtkappery voorgekom dat die potensiaal van die bosse veel gouer as wat werklik nodig was, uitgeput is. Boonop was daar tot op hierdie tydstip feitlik geen behoorlike toesig oor die bosse nie. Soos daar mettertyd hoër teen die berghange op en dieper in die klowe in na geskikte bome gesoek moes word,

15. K.A., V.C.4 Daghregister, 27.11.1663, pp.489–493.

16. K.A., C.494 Uitgaande Briewe: Politieke Raad – Here XVII, 24.7.1666, pp.1011–1012.

17. A.J. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad (S.A. Argiefstukke*, Kaap, no. 2), 8.4.1680, pp.327–328; *ibid.* (Kaap, no. 3) 28.11.1684, p.93.

*Ibid.* (Kaap, no. 3), 17.2.1683, pp.61–62.

*Ibid.* (Kaap, no. 3), 3.4.1691, pp.236–237.

het die arbeids- en vervoerprobleem 'n faktor gebly waarmee rekening gehou moes word. Ten spyte van al hierdie lastige kwessies sou die genoemde skiereilandse bosse die hoofbronne vir timmerhout tot aan die einde van die eeu bly. Brandhout daarenteen was geredeliker beskikbaar en makliker bekombaar. Die struikagtige plantegroei, soos die bekende kreupelbosse, wat 'n vername bron vir hierdie doel was, het ook veel vinniger as die inheemse bome in die natuurlike bosse gegroei.

Met die besoek gedurende November 1699 deur goewerneur W.A. van der Stel aan die nabygeleë binnelandse gebiede, is vir die eerste keer die aandag op die inheemse houtbosse buite die enge grense van die skiereiland gevestig. Omtrent 18 tot 20 uur van die Kasteel af het hy oor die Ubiquaseberge in die huidige Tulbaghvallei gekom. Daar was heelwat geskikte timmerhout wat deur toekomstige bewoners van daardie landstreek gebruik sou kon word.<sup>20</sup> Met die vestiging van die eerste koloniste aldaar reeds gedurende 1700 moes ook daardie bosse in die toenemende behoeftes van 'n groeiende nedersetting voorsien.

Die steeds knellende behoefte aan veral timmer- en wamakershout het vroeg in die 18de eeu daartoe gelei dat die Kaapse regering sy aandag op die suidkusstreek oos van die Hottentots-Hollandberge toegespits het. Daarmee het 'n ander fase in hierdie ekonomiese bedrywigheid in die Kaapkolonie aangebreek. Dit het ook die kennis van die kosbare inheemse woude tussen die Kaapse suidkus en die Langeberge meegebring. Tot werklik doeltreffende ontginning van hierdie bosse is daar egter nie gedurende die 18de eeu gekom nie.<sup>21</sup>

Intussen is voortgegaan om die bekende bosse van die skiereiland te benut. Sedert 1711 is daar begin om meer gereelde aandag aan die tot dusver redelik onbeheerde houtkappery te gee. In daardie jaar het kommissaris Pieter de Vos die goewerneur opdrag gegee om die bosse by "t ronde bosje" en die Paradys (naby Nuweland) deur amptenare te laat besoek. Hulle moes toesien dat die nodige uitdunning gedoen word om die gesonde groei van die bome te bevorder.<sup>22</sup> Drie jaar later het 'n ondersoek deur kaptein De Chavonnes en ene Feijerabendt aan die lig gebring dat in die bosse naby Houtbaai, die Steenberge en agter Constantia nog heelwat hout te vind was. So is bevind dat in 'n sekere bos onder andere 260 blokke geelhout van 20 tot 30 voet (6 tot 9 meter) verkry kon word. Origens was daar nog hout vir balke, style, gordings en kosyne. Timmerhout vir herstelwerk aan skepe en wamakershout was geredelik verkrygbaar. Volgens Feijerabendt kon hierdie bosse vir die volgende 20 jaar in die Kompanjie se behoeftes voorsien.<sup>23</sup> Gedurende Augustus 1714 is dan ook besluit om hierdie kosbare voorrade hout teen enige verdere onoordeelkundige ontginning te beskerm. Gevolglik is alle koloniste verbied om hul benodigde hout self in die genoemde bosse te gaan kap. Kompanjiesamptenare sou voortaan die aangevraagde hout teen vasgestelde pryse aan die koloniste lewer.<sup>24</sup>

Teen die begin van 1716 het die Kaapse regering die volgende bosse vir sy eie doel bewerk: dié agter die Steenberge waar timmerhout gekap is; die Helbos waar

20. K.A., C.506 Uitgaande Briewe: Politieke Raad — Here XVII, 1.3.1700, pp.689—691.

21. Vgl. A. Appel, *Die geskiedenis van houtvoorsiening aan die Kaap, 1652—1795* (ongep. M.A.-verhandelings, U.S. 1966), pp.78—117.

22. Bōeseken, *Resolusies van die Politieke Raad (S.A. Argiefstukke, Kaap, no. 4)*, 13.4.1711, pp.215—216.

23. K.A. C.434 III Inkomende Briewe: Feijerabendt — Politieke Raad, 17.8.1714, p.689.

24. Bōeseken, *Resolusies van die Politieke Raad (S.A. Argiefstukke, Kaap, no. 4)*, 14.8.1714, pp.417—419.

die “vaamhoutkappers” was; die Houtbaaibos waarin, soos ook in laasgenoemde bos, timmerhout vir die haweheef en brandhout vir die kalkoonde gekap is; die Paradysbos wat timmerhout en brandhout gelewer het. In al hierdie bosse was daar 33 houtkappers in diens van die Kompanjie met kaptein De Chavonnes en Jacobus Cruse as toesighouers.<sup>25</sup>

Gedurende die volgende vier dekades het geen betekenisvolle ontwikkeling in die ontginning van die skiereilandse bosse ingetree nie. Die hout wat uit hierdie bosse verkry is, is deur voorrade wat vanuit Nederland, Indië en Batavia ingevoer is, aangevul.<sup>26</sup>

Teen die middel van die 18de eeu was die Paradys en Wittebome<sup>27</sup> twee van die belangrikste houtposte van die Kaapse regering. Dit was verblyfplekke vir die Kompanjie se houtkappers wat “daarom Streex” gewerk het. Aan die begin van die sestigerjare is die Kirstenboschpos aangelê ten einde nader aan die bosse hoër teen die hange op te kom. Hierdie pos was wes van Nuweland en omtrent drie uur van die Kasteel af geleë.<sup>28</sup>

Tot in die neëntigerjare van die 18de eeu was die bosse aan die suidoostelike hange van Tafelberg, teen die Constantiaberger en naby Houtbaai die vernaamste bronne vir die wye verskeidenheid hout waaraan daar steeds ’n behoefte was. Die houtpos in die Paradysbos en dié van Kirstenbosch het allerlei voorrade aan die artillerie, die ambags- en skeepswerf, die vestingwerke, die steen- en broodbakkerie, die meul, die Kompanjies tuin, die soutpanne, die traanbrandery, die stal en aan enkele buiteposte voorsien. Vir haas alle fasette van die Kaapse ekonomiese bedrywighede is artikels gelewer: kruiwadisselbome, -speke, -vellings en -nawe; stele vir pikke, grawe en ander gereedskap; tentpenne; jukhout en jukskeie; langwaens en disselbome; kraalpale en -sparre; pale vir die opdam van die soutpanne; ploegbalke, -sterre, -vellings, -asse en -nawe; knuppels vir die robbejagters; hanebalke, kapstyle en deklatte; houtbakke en “potleepels”; lanternstokke, besems en selfs gedraaide houtjies vir die stoele van die wagte!<sup>29</sup>

Daar is reeds terloops verwys na die feit dat die oopstelling van die inheemse bosse van die Kaapse skiereiland met onoordeelkundige ontginning gepaard gegaan het. Die Blankes het reeds sedert hul vestiging die goeie hoedanighede van die inheemse geelhout leer ken en besef. Dit het spoedig die mees gesogte houtsoort geword, maar die oordeelsvermoë om dit met oorleg te kap, het heeltemal ontbreek. Daarom is dit selfs vir balke en style en ander minderwaardige artikels gebruik. Die oprigting van die eerste Kompanjiesgeboue het ’n groot behoefte aan geskikte hout geskep. In die lig hiervan is sedert die stigtingsjaar hoër eise aan die geelhoutvoorraad in die bosse gestel. Boonop was hierdie houtsoort nie volop in die skiereilandse bosse nie. As gevolg van hierdie omstandighede was die eerste optrede van die Kaapse regering, reeds in Oktober 1658, gerig op die voorkoming van alle onoordeelkundige kap van geelhoutbome. In die genoemde maand is almal, maar veral die vryhoutsaers, gelas om geelhout slegs vir planke te kap. Vyf jaar later, in Desember 1663, is die vryhoutsaers weer eens beveel om voortaan slegs vir Kompanjieswerk planke van

25. G.C. de Wet (red.), *Resolusies v.d. Politieke Raad* (Kaap, no. 5), 17.3.1716, pp.51–52.

26. Appel, *Die geskiedenis van houtvoorsiening aan die Kaap, 1652–1795* (ongep. M.A.-verhandeling, U.S. 1966), pp.142–155.

27. Naby die huidige Constantianek.

28. K.A., C.324 I Memorieën en Rapporten, 1791, pp.386–387.

29. *Ibid.*, pp.384–389; C.212 Bijlagen, Okt.–Des. 1793, p.967.

geelhout te lewer. Die vryburgers kon vir eie gebruik nog voldoende wilde-els-, amandel-, boeken- en ander hout in die bosse vind.<sup>30</sup>

Ten spyte van hierdie sterk bewaringsbewussyn en besliste maatreëls van owerheidsweë is die kosbare geelhoutbome tog in groot hoeveelhede gekap. In hierdie opsig was dit veral die vryhoutsaers wat gruwelik oortree het: benewens planke het hulle kosyne en selfs sparre en latte daarvan gemaak om aan die vryburgers te verkoop. Hierdie onverantwoordelike optrede het goewerneur S. van der Stel in April 1680 gedwing om te besluit dat die vryhoutsaers in die vervolg geen geelhout sonder sy persoonlike toestemming mag kap nie.<sup>31</sup> Dit was tot in daardie stadium die ingrypendste maatreël van die Kaapse bewindhebber om 'n gedeelte van die Kaapse houtbedryf te beheer. Die erns van die toestand spreek egter onteenseglik daaruit. Tog sou gedurende die volgende eeu 'n nog veel radikaler bepaling uitgevaardig word om hierdie moedswillige en erg kortsigtige optrede van die Blankes aan bande te lê.

Die onderhawige vraagstuk van doeltreffende en beheerde houtvoorsiening aan die Kaap het 'n goeie voorbeeld opgelewer van die haas onoorbrugbare kloof wat daar tussen die wetgewer enersyds en die toepasser van die wet andersyds in 'n jong pioniersamelewing bestaan het. Met sy besoek aan die Kaap gedurende 1685 was kommissaris Van Reede in hoë mate verontwaardig oor die wyse waarop die vernieling van die bosse, ongeag die herhaalde bepalinge van die verlede, voortgegaan het. Naby Houtbaai het hy gesien hoe die koloniste die stamme en stompe van omgekapte bome agtergelaat het nadat hulle hul brandhout daar ingesamel het. Van Reede kon nie begryp "hoe men soo quistigh heeft kunnen zijn ontrent het hout in een land soo seer daarvan ontbloot ..." Dit was baie duidelik dat diegene wat hierdie vernietiging aangerig het "alleen maer voor haerselven en geheel niet voor den toekomstenden tijt" gesorg het. Ook elders, in 'n bos omtrent anderhalf uur vanaf Rondebosch, het hy sowel groot en dik as jong en dun bome afgekap gesien rondlê. Dit was vir hom onbegryplik dat jong boompies voor die voet afgekap is. Die ongelukkige implikasies vir die toekoms was vir hom dadelik duidelik: "...een boom kan geen boom worden sonder eerst als een lat en als een sparre te wesen".<sup>32</sup>

In die lig van hierdie skokkende ervaring het Van Reede opdrag gegee dat uit die bosse wat hy besoek het, vireers geen latte en sparre gekap mag word nie sodat die jong plante eers kon groot word. Deeglike toesig oor die bosse en straf vir oortreders van die bepalinge moes ingestel word.<sup>33</sup>

Hierdie maatreëls wat deur Van Reede getref is, asook periodieke verbiedinge wat met betrekking tot die jong aanplantings uitgevaardig is, het weinig praktiese uitwerking tot gevolg gehad. Dit was eers in Augustus 1714 dat die heersende toestande te midde van 'n toenemende behoefte aan hout die Kaapse owerheid gedwing het tot die daarstelling van 'n gekoördineerde stelsel van beheer. Drie "onderhoutvesters" is aangestel wat vir die toesig oor die Kompanjie se timmer- en brandhoutbosse en oor die jag verantwoordelik was. Breedvoerige opdrigte is aan hulle uitgereik. Daarin is talle bepalinge ten opsigte van die bewaring en beskerming van die bosse en die optrede jeens oortreders opgeneem. Daarbenewens is vir elke

30. M.K. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek*, I, Kaapstad, 1944, 12.10.1658, p.43; K.A., V.C.4 Dagregister, 1.12.1663, p.498.

31. A.J. Böeseke, *Resolusies van die politieke Raad (S.A. Argiefstukke Kaap*, no. 2), 8.4.1680, p.327.

32. H.A. van Reede tot Drakenstein: "Journaal", geredigeer deur A. Hulshof in *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap*, Utrecht, 1941, 26.5.1685, pp.139—140.

33. K.A., C.700 Memorien en Instructien, 1657—1685, pp.471—472.



onderhoutvester 'n patrollieroete uitgewerk waarlangs hy daaglik sy deel van die bosse agter Tafelberg tot by Houtbaai moes inspekteer.<sup>34</sup>

Teen die dertigerjare van die 18de eeu was dit heel duidelik dat die Politieke Raad weinig, indien enige, greep op die oortreders van die bepalinge en die vernielers van die bosse gehad het. Tog het die owerheid se magteloosheid nooit tot ongeërgheid en lydelikheid ontwikkel nie. Inteendeel; in September 1732 het die Raad besluit dat deur die opsigters by die verskillende houtkapstasies “met scherp sal mogen werden vuur gegeven” op alle oortreders in die bosse. Daarvolgens mag die vernielers dood of lewendig uitgelewer word.<sup>35</sup> Tot op daardie tydstip was dit die ingrypendste maatreeël met baie ernstige implikasies. Tog is alle moontlike middele deur die owerheid geregverdig ten einde die doel te bereik. In watter mate hierdie radikale optrede vrugte afgewerp het, is moeilik om vas te stel. Die afleiding dat daarvan nie veel tereg gekom het nie, word ondersteun deur die feit dat dit in April 1743 nodig was om die bogenoemde bepalinge van 1732 te hernieu.<sup>36</sup>

Daar is geen getuienis dat die onvermoeide ywer van die Kaapse regering om die kosbare inheemse bosse teen vernieling en uitroeiing te beskerm, enigsins gedurende die 18de eeu 'n indruk op die Blanke koloniste gemaak het nie. Tot aan die einde van die Kompanjiesbewind is periodieke maatreeëls in hier voege getref sonder dat sigbare gevolge bereik is. Ook die brandhoutbronne was steeds aan die gevaar van algehele uitroeiing blootgestel. Soos in die geval van die houtbosse is gereeld plakkate hieroor uitgevaardig en strafmaatreeëls getref. Die doeltreffende toepassing daarvan was egter ook in hierdie geval die grootste probleem.

Die vernietigende gevaar van veldbrande is van die begin af besef. Met verloop van jare is talle maatreeëls getref ten einde hierdie probleem te probeer voorkom: oortreders is met 25 gulde (ongeveer R4,15c) beboet; 'n aantal pale teen die berghang het die uiterste grens van die weidingsgebied aangedui en almal is verbied om hul lande, bosse, struik of stoppels sonder die nodige toestemming daartoe aan die brand te steek. Tog was daar aan die Kaap “een parthij overgegeven boosaerdige menschen” wat steeds op onversigtige wyse veldbrande veroorsaak het. Gewoonlik is geen booswigte op heter daad betrap nie. In die lig van hierdie omstandighede en die ewige vrees dat 'n onhanteerbare veldbrand op 'n dag die bosse tot as sou verskroei, is in Februarie 1687 'n drastiese besluit geneem. Oortreders van die bepalinge teen veldbrande sou die eerste keer gezesel word en na die tweede oortreding sou die vonnis wees om “met de koord gestraft te werden datter de dood na volgt ...”<sup>37</sup> Hierdie verregeande maatreeël bewys in watter ernstige lig die Kaapse owerheid dergelyke oortredings beskou het. Tog was dit in 1713 en 1741 nodig om die plakkaat van Februarie 1687 te hernieu.<sup>38</sup> Dit is moeilik om vas te stel of hierdie drastiese besluite meegewerk het dat daar, sover bekend, geen omvangryke bosbrande gedurende die jare tot 1795 voorgekom het nie. Die feit dat hierdie aanvanklike plakkaat van 1687 ná 1741 nie hernieu is nie, skep tog die indruk dat die ernstige straf wat daarin vervat is, 'n dempende invloed op alle onversigtiges en moedswilliges uitgeoefen het.

34. K.A., C.702 Memorien en Instructien, no. 593, 7.8.1714.

35. K.A., C.27 Resolutien, 4.9.1732, pp.240–241.

36. *Kaapse Plakkaatboek*, II, 19.4.1743, p.207.

37. *Ibid.*, I, 19.2.1687, p.232.

38. Böeseken, *Resolusies van die Politieke Raad (S.A. Argiefstukke, Kaap, no. 4)*, 16.5.1713, p.350; K.A., C.33 Resolutien, 19.1.1741, pp.34–38.

Gedurende die anderhalf eeu van Kompanjiesbestuur in die Kaapkolonie is die Blanke van die Kaapse skiereiland gedwing om die beskikbare inheemse houtbosse wat teen die skiereilandse berge gegroei het, oop te stel en te ontgin. Sowel die regering as die gewone koloniste het spoedig aktief aan hierdie ekonomiese bedrywighede deelgeneem. Van owerheidsweë is egter steeds gewaak dat die houtmark nie geheel en al in die hande van die koloniste sou beland nie, 'n optrede wat met die heersende ekonomiese beleid van die V.O.C. gestrook het. Tog is daar ook ná 1657 besondere voorsiening vir die vryburger-element in hierdie sfeer van die ekonomiese lewe gemaak. Die optrede van die Politieke Raad het juis die andersins strakke monopolistiese ekonomiese struktuur getemper deurdat daar vir individuele ekonomiese inisiatief deur die toelating van vryhoutsaaers plek ingeruim is.

Alhoewel die skiereilandse bosse geredelik in die wye verskeidenheid van behoeftes aan hout voorsien het, het daar tog nie gedurende die onderhawige tydperk 'n doeltreffende bedryf ontwikkel nie. Die groot probleem van onvoldoende arbeidskrag wat alle ander vertakkinge van die Kaapse ekonomiese lewe aangetas het, het ook in die houtvoorsiening 'n bepalende rol gespeel. Die beleid van minimum uitgawe en maksimum wins wat so skerp ten opsigte van die Kaap gegeld het, was 'n verdere verswarende faktor. Voorts het die vervoerkwessie hoë eise aan die 17de- en 18de-eeuse tegniek gestel. By gebrek aan bevaarbare riviere wat nadere toegang tot die bosse kon verleen en weens die feit dat die Suid-Afrikaanse inheemse hout in elk geval nie op water afgedryf kan word nie, moes die vervoer van die hout soms oor erg ongelyke oppervlaktes uitsluitlik deur diere gedoen word.

Die bou van behoorlike paaie was slegs 'n allernoodsaaklike uitvloeisel van die bedrywighede van 'n pioniersamelewing. In die ontsluiting en ontginning van die inheemse bosse van die skiereiland is die vernuf, inisiatief en volharding van die eerste Blankes tot die uiterste beproef. Daardeur is hulle ook op nóg 'n wyse met dié onbekende landstreek gekonfronteer.

In hierdie proses is die grondslag van owerheidsbetrokkenheid in die houtbedryf in Suid-Afrika gelê. Ten spyte van al die genoemde probleme is die Kaapse regering steeds gedwing om die leiding met betrekking tot die ontginning van die inheemse bosse te neem. Eerstens het die Politieke Raad self aan hierdie ekonomiese bedryf deelgeneem deurdat verskeie houtbosse deur betaalde arbeiders ten behoeve van die Kompanjie bewerk is. Tweedens is van owerheidsweë poginge aangewend om die hele bedryf beter te organiseer, alhoewel daarvan nie veel tereg gekom het nie.

Sekerlik die belangrikste uitvloeisel van hierdie bemoeiing deur die Kaapse regering met die inheemse bosse is 'n skerp bewussyn om ons "groen erfenis" te beskerm en te bewaar. Die regeringsmaatreëls in hierdie verband is met onvermoede ywer, en soms meedoënloos, getref. Die praktyk het egter bewys dat die uitvoering en toepassing van daardie bepalinge wat wel prakties moontlik was, veel te wense oorgelaat het. Op hierdie wyse is dan ook 'n wesentlike swaakteit van die Kaapse sentrale regeringsvorm aan die kaak gestel. In teenstelling met hierdie gesindheid van die owerheid het die 17de- en 18de-eeuse burgerlike samelewing aan die Kaap hoegenaamd geen begrip vir die waarde van bosbewaring geopenbaar nie. Gemaksug, selfsug en die winsmotief was deurgaans die grondslag vir hul optrede met betrekking tot hierdie saak. Al was die tasbare uitkomst van regeringsmaatreëls maar weinig, het daar by die Kaapse owerheid tog by geleentheid 'n bepaalde toekomspektief deurgeskemer. Daar is met diepe besorgdheid begryp dat 'n voldoende voorraad hout steeds 'n onontbeerlike rol in die Kaapse ekonomiese en sosiale lewe sou speel en dat

onverantwoordelike optrede deur die enkeling en sekere groepe die grootste bedreiging was. Die ontwikkelinge van die daaropvolgende eeue, en veral van die 20ste eeu, in die houtbedryf in Suid-Afrika stel hierdie vroeë owerheidsoptredes in 'n belangrike lig.

Die ontginning van die inheemse houtbosse van die Kaapse skiereiland belig dan vanuit 'n ongewone hoek die algemeen bekende geskiedkundige ontwikkeling van verversingspos tot kolonie.